

MUSIEK: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, 25 klanksnitte en 'n Bronmateriaalboekie (bladsy i – iv). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Bronmateriaalboekie in die middel van jou vraestel los. Hierdie boekie sluit 'n bladsy gemerk vir rofwerk in.
- Elke kandidaat moet 'n CD of mp3-speler ontvang en moet vir die hele duur van die eksamen toegang hê tot klanktoerusting met kopfone. Let asseblief op die stemetiket vir elke snit wat die korrekte nommering van elke snit bevestig.
- Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word.
- Die musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.
- Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermoed dit om inligting in jou antwoorde te herhaal.
- Oor die algemeen sal een punt vir elke wesenlike feit toegeken word BEHALWE vir die vergelyking in die OPSTEL, waar een punt toegeken sal word per vergelyking (twee feite, een met betrekking tot elke werk).
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied. Moenie Tippex gebruik nie.

Vraag	Moontlike punte	Punt
1	17	
2	12	
3	12	
4	16	
5	20	
6	10	
7	13	
TOTAAL	100	

VRAAG 1**Luister na Snit 1.**

- 1.1 Maak vier (4) regmerkies om eienskappe te identifiseer wat in die musiek gehoor word.

Vierslagmaat		Blaasinstrumente geantwoord deur snaarinstrumente	
Omkering		Drieslagmaat	
Dissonansie		Rallentando	
Vergroting		Atonaliteit	
Accelerando		Snaarinstrumente geantwoord deur blaasinstrumente	

(4)

- 1.2 Luister na **Snit 1a**. Dit is 'n verkorte weergawe van Snit 1.
Maak een (1) regmerkie om die vorm van die melodie te toon.

(1)

- 1.3 Die oorspronklike toonaard van hierdie werk is die relatiewe majeur van B mineur.
Maak 'n regmerkie om die korrekte toonaardteken aan te dui.

(1)

Luister na Snit 2.

- 1.4 Identifiseer drie (3) eienskappe van die musiek.


Chromatiek		Saamgestelde tweeslagmaat	
Sekwensiële melodie		Mineur en majeur tonaliteit	
Modaal		Omgekeerde melodie	

(3)

Luister na Snit 2a.

Dit is 'n verkorte weergawe van Snit 2.

- 1.5 Noteer die ritmiek wat jy hoor. Onthou om die tydmaatteken in te sluit.



(3)

Luister na Snit 3.

- 1.6 Identifiseer die ritmiek wat jy in Snit 3 hoor.



(1)

Luister na Snit 4.

- 1.7 Merk twee (2) blokkies, een in Kolom A om 'n komposisietegniek wat jy hoor aan te dui en een in Kolom B om die tekstuur wat geskep word aan te dui.

KOLOM A: Komposisietegniek		KOLOM B: Tekstuur	
Ostinato		Monofonies	
Sekwensie		Polifonies	
Nabootsing		Heterofonies	

(2)

Luister na Snit 5.

- 1.8 Identifiseer die tekstuur en definieer die term wat jy gebruik het.

(2)
[17]

VRAAG 2

Verwys na die diagram gemerk **BYLAAG 1** in die Bronmateriaalboekie.

2.1 Noem die struktuur wat deur hierdie diagram voorgestel word.

_____ (1)

2.2 Noem twee (2) maniere waarop Beethoven hierdie struktuur in die 4de beweging van sy Vyfde Simfonie uitgebrei/verander het.

_____ (2)

2.3 Luister na **Snit 6**. Verduidelik die belangrikheid van die ritmiek van hierdie tema in die konteks van die hele werk.

_____ (2)

2.4 Luister na **Snit 7, 8, 9, 10 en 11**. Plaas elke tema in die korrekte posisie in die beweging deur elke **snitnommer** met die **relevante letter in die diagram** te verbind. Nie al die letters in die diagram sal gebruik word nie.

SNIT	LETTER
7	
8	
9	
10	
11	

(5)

2.5 Verwys na **BYLAAG 2**. Is hierdie werk met spesifieke verwysing na die instrumentasie en orkestrasie wat in Bylaag 2 gebruik word voor, of ná jou voorgeskrewe werk gekomponeer? Gee twee (2) redes vir jou antwoord buiten die grootte van die orkes.

_____ (2)

[12]

VRAAG 3

Luister na **Snit 12**.

3.1 Merk vier (4) stellings om te beskryf wat jy kan hoor.

Akkoordbegeleiding	Aria	Deurgekomponeer
Mineur tonaliteit	Alberti-bas	Pedaalpunt
Strofies	Saamgestelde tweeslagmaat	Sekwensie
A B A	Sangstuk	Basstem

(4)

3.2 Die liriek van Snit 12, met vertaling, word as **BYLAAG 3** gereproduseer. Dink jy dat die komponis se gebruik van die musiekelemente in die toonsetting van die liriek effektief is? Regverdig jou mening met verwysing na twee (2) voorbeelde uit die teks.

(4)

3.3 Verduidelik hoe Schubert TONALITEIT en VOKALE TESSITUUR (omvang) gebruik om die karakters in *Der Erlkönig* uit te beeld.

(4)
[12]

VRAAG 4

Luister na **Snit 13** en **Snit 14**.

- 4.1 Noem die twee elemente van opera wat deur hierdie snitte verteenwoordig word.

Snit 13: _____

Snit 14: _____ (2)

- 4.2 Beskryf die verskil in die dramatiese doel van hierdie twee elemente binne 'n opera.

_____ (2)

Luister na **Snit 15**.

- 4.3 Hoe druk Mozart die volgende in sy musikale toonsetting van elke karakter se liriek in hierdie toneel uit *Don Giovanni* uit?

- 4.3.1 Donna Anna se woede.

_____ (1)

- 4.3.2 Leporello se kommentaar oor die situasie.

_____ (1)

- 4.4 Waarom eggo/spieël Don Giovanni se melodielyn dikwels dié van Donna Anna?

_____ (2)

- 4.5 Luister na **Snit 16**, die gevegstoneel uit *Don Giovanni* deur Mozart, en **Snit 17**, 'The Rumble' uit *West Side Story* deur Leonard Bernstein.

Gebruik die opskrifte in die tabel hieronder om die maniere te vergelyk waarop Mozart en Bernstein spanning in hierdie twee gevegstonele skep. Skryf een (1) feit per blok.

ELEMENTE WAT VERGELYK WORD	SNIT 16 (Mozart)	SNIT 17 (Bernstein)
Harmonie		
Melodie		
Timbre, met inbegrip van instrumentale tegnieke		
Dinamiek		

(8)
[16]

VRAAG 5

Luister na **Snit 18** en **Snit 19**. Elkeen is verteenwoordigend van een van die jazzstyle wat jy vanjaar bestudeer het.

Identifiseer en vergelyk in 'n opstel van tussen 300 en 350 woorde **die style en die stukke** wat gehoor word in Snit 18 en Snit 19.

Jou opstel moet die volgende insluit:

'n Inleiding waarin jy die volgende bespreek:

1. Die omstandighede wat aanleiding gegee het tot elke styl en hoe dit deur die musiek beïnvloed is.
2. Die dekade waarin elke styl ontwikkel het.

Die hoofgedeelte van die opstel moet:

3. 'n Vergelyking van die twee snitte wees waarin jy aandag vestig op kenmerke van die style en die gebruik van die musiekelemente wat gehoor kan word wanneer jy na die voorbeelde luister.

In die gevolgtrekking van jou opstel moet jy:

4. Jou eie mening aanbied oor watter snit jy verkies, geregverdig met verwysing na die gebruik van die musiekelemente.

Die antwoord op hierdie vraag moet in opstelvorm geskryf word.

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

RUBRIEK VIR OPSTEL	
20 – 16	Toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewys, voltooi al die vereistes en verskaf 'n insiggewende vergelyking van die twee werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die styl en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word met insig en spesifieke verwysing na die gebruik van die musiekelemente aangebied. Die opstel word heeltemal gebalanseer volgens die gestelde riglyne.
15,5 – 10,5	Toon 'n begrip van die vraag, voltooi al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf 'n vergelyking van die twee werke, met verwysing na beide die algemene kenmerke van die styl en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word aangebied met beperkte insig en veralgemening in terme van die gebruik van die musiekelemente. Die opstel word grootliks gebalanseer volgens die gestelde riglyne.
10 – 5,5	Kan al die vereistes aanspreek, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en beperkte feitelike bewys. Vergelyking van die twee werke is beperk met slegs gedeeltelike verwysing na óf die algemene kenmerke van die styl óf die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening is beperk met min of geen verwysing na die gebruik van die musiekelemente nie. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel.
5 – 0,5	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite of geen gebruik van feite nie. Geen vergelyking of mening word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie.
0	Is heeltemal irrelevant of van die onderwerp af.

[illegible]

[illegible]

VRAAG 6

Luister na **Snit 20**.

6.1 Watter tipe nommer is dit (bv. duet)?

_____ (1)

6.2 Plaas hierdie nommer in die konteks van die musiekblyspel.

_____ (1)

6.3 Waarom is Bernstein se keuse van hierdie tipe nommer effektief in hierdie konteks?

_____ (1)

6.4 Noem die karakters wat hierdie nommer sing en skets elkeen se gedagtegang.

_____ (3)

- 6.5 Hoe gebruik Bernstein die elemente van ritme en melodie om elkeen van die karakters se gedagtes of emosies uit te druk? Noem vier (4) feite en sluit minstens een per karakter/groep karakters in.

(4)
[10]

VRAAG 7

Luister na **Snit 21** en **Snit 22**.

- 7.1 Identifiseer eienskappe van Snit 21 in Kolom A, eienskappe van Snit 22 in Kolom B en eienskappe **gemeenskaplik** aan die snitte in Kolom C.

Maak agt (8) regmerkies: drie (3) elk in Kolom A en Kolom B en twee (2) in Kolom C.

	KOLOM A Snit 21 3 regmerkies	KOLOM B Snit 22 3 regmerkies	KOLOM C Snit 21 & Snit 22 2 regmerkies
Sophiatown-jazz			
Triole			
Roep en antwoord			
iib – V – vi			
Stadsmusiek			
Isicathamiya			
I – IV – V			
Sinkopasie			
Tradisionele musiek			
Spokes Mashiyane			
A capella			

(4)

- 7.2 Kies die styl wat deur **óf** Snit 21 **ÓF** Snit 22 verteenwoordig word en beskryf die maatskaplike konteks waarin die musiekstyl ontwikkel het kortliks.

(2)

Luister na **Snit 23**.

7.3 Noem die komponis van hierdie stuk.

(1)

7.4 Beskryf die historiese en politieke konteks waarin die oorspronklike weergawe van hierdie lied geskryf is.

(2)

7.5 Vers 2 en 3 van die oorspronklike lied word hieronder gedruk. Vergelyk die komponis se gebruik van die frase 'ons geliefde plek' in Vers 2 en Vers 3.

LIRIEKE	VERTALING
SeSotho <i>Otla utlwa makgowa a re,</i> <i>A re yeng ko Meadowlands</i> <i>Meadowlands, Meadowlands,</i> <i>Meadowlands sithandwa sam</i>	Het jy gehoor wat die wit mense sê, Kom ons almal gaan na Meadowlands Meadowlands, Meadowlands, Meadowlands ons geliefde plek
Tsotsi <i>Otla utlwa botsotsi ba re,</i> <i>Ons dak nie ons pola hier</i> <i>Pola hier pola hier,</i> <i>Pola hier sithandwa sam</i>	Het jy gehoor wat die tsotsi's almal sê, Ons gaan nie weg nie; ons bly net hier Bly hier, bly hier, Bly hier in ons geliefde plek

(2)

- 7.6 Verkies jy die oorspronklike weergawe van hierdie lied of die weergawe wat in Snit 23 gehoor word? Gee twee (2) redes vir jou antwoord: een wat met die maatskaplike/politieke motiewe agter die lied verband hou en een wat met die musikale verwerking verband hou.

(2)
[13]

Totaal: 100 punte